MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 5/2025 **20 Maart 2025**

SKOOLSAKE

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

Daar het baie water in die see geloop sedert ons vorige nuusbrief. Ons eerste twee wintersportderbies is met groot sukses afgehandel, en ons sien uit na ‘n opwindende wintersportseisoen. Volledige sportuitslae is op die skakel in hierdie nuusbrief beskikbaar. Ons het ook verlede Woensdag ‘n baie suksesvolle Opedag gehad. ‘n Opregte dankwoord aan me Heléne Meyer en dr Dirk Uys wat aan die spits hiervan was, asook al die personeel en leerders vir hulle positiewe bydrae.

Life is what happens to you when you are busy making other plans.

John Lennon

Ons is baie dankbaar dat me Michelle Clark terug by die College is na sy verlede week ‘n paar dae in intensiewe sorg deurgebring het na ‘n operasie. Ek is ook dankbaar dat ek tuis kan aansterk na ‘n retina-operasie en lensoorplanting in my regteroog na ‘n retina-loslating. Een oomblik was ek besig om te beplan hoe ek by al die sport teen Cornwall Hill College gaan uitkom, en die volgende oomblik was ek buite aksie. Nogmaals dankie vir almal se goeie wense, ondersteuning en gebede. Ek het die massaboodskap van die leerders tydens Maandag se saalopening, net voor my operasie, opreg waardeer. Soli Deo Gloria.

Die graad 11-leerders wat by hierdie jaar se Belgiese uitruilprogram betrokke is, kan nie meer wag om hulle Belge hier op eie bodem teen die einde van die vakansie te ontvang nie. Bon Voyage aan al ons swemmers, atlete en sportspanne wat in die volgende twee weke letterlik die land deurkruis. Ek hoop elke ouer, leerder en onderwyser kry iewers tyd om te rus en hulself in die volgende twee weke te bederf. Geniet die vakansie.

VISUMVEREISTES

Ambassades vereis gewoonlik ‘n brief van die skool as ondersteunende dokumentasie vir ‘n visumaansoek. Indien u 'n visumbrief vir u kind benodig, moet u daarop let dat dit minstens twee werksdae voor u visumafspraak by die skoolkantoor aangevra moet word. Dit is om te verseker dat die brief betyds verwerk, en deur die betrokke bestuurslid afgeteken word. Aangesien die skool vanaf 21 Maart tot 8 April gesluit is, kan geen visumbriewe gedurende hierdie tyd verwerk word nie.

SPORT — **Klik op die skakel vir sportuitslae.**

KULTUUR — **Klik op die skakel vir kultuuruitslae.**

✉ college@midstreamcollege.co.za ☎ 012 661 2341 www. midstreamcollege.co.za